

**Sing vooraf staande:** Psalm 81:1, 9, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!  
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 9 Neig, my volk, jul oor, / – dis wat Ek getuig het – / neig jul oor en hoor:  
Ag, as Israel / maar op my bevel / voor my woord gebuig het!
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:  
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;  
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.  
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.  
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

**Gebed**

**Skrifberyming** 17-2:3, 4 (18:3, 4)

- 3 Wie kan die Seun ooit ken, as net / die Vader, met Hom wesens-een?  
of wie die eewge Vader ken, / as net die Seun, net Hy alleen?
- 4 Wie kan die eewge Wese ken, / so diep en ontoeganklik klaar?...  
Alleen die mens aan wie die Seun, / die heilgeheim wil openbaar.

**Skriflesing:** Johannes 6:41-71

**Kernverse:** Johannes 6:66-69

**Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie. Toe vra Jesus vir die twaalf: “Wil julle nie ook weggaan nie?”**

**Simon Petrus het Hom geantwoord: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is.”**

(Johannes 6:66-69 AFR83)

**Tema:** Die hoë prys om Jesus te bly volg

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend het die Heilige Gees ons gekonfronteer met vraag: Hoekom volg ons vir Jesus? Hy het dit vir ons duidelik gemaak dat ons Jesus moet volg en naby Hom moet wees, nie oor wat ons by Hom kan kry nie, maar oor wie Hy is. Toe ons na die tafel van die Here gegaan het en nagmaal gevier het, het ons gesê dat ons Jesus volg omdat ons lewe van Hom afhanklik is.

Wanneer 'n mens egter een maal die liggaam en bloed van Christus in die geloof geëet en gedrink het, beteken dit nie dat ons stryd nou verby is nie, of dat die Heilige Gees nie weer vir ons oor ons verbondenheid aan Christus gaan vra nie. Omdat ons vanoggend deur die geloof die liggaam en bloed van Christus geëet en gedrink het, beteken nie dat ons sommer nou outomaties in die geloof sal kan volhard nie. In onself het ons nie die krag om te midde van alle omstandighede Jesus te bly volg nie. In die slotgedeelte van hierdie hoofstuk word nie net diegene wat maar altyd so half op die grens staan, aangespreek nie. Elkeen van ons, of ons die Here nou al jare lank opreg en met 'n rein hart dien, maak nie saak nie. Ons elkeen word hier aangespreek. Ja, nou, nadat ons nagmaal gevier het, word daar vir ons gevra:

**Wil julle nie ook maar weggaan nie?** (Johannes 6:67 AFR83).

Met hierdie vraag stel Jesus elke mens wat Hom volg voor die keuse.

Jesus het meer as vyf duisend mense genoeg gegee om te eet van die vyf brode en twee vissies. Nadat hulle almal versadig geword het, het die dissipels nog twaalf mandjies volgemaak van die brood en vis wat oorgebly het. Die klomp mense het Jesus die volgende dag, die sabbat, ywerig opgesoek. Uiteindelik het hulle Hom in die sinagoge in Kapernaum opgespoor. Hierdie ywerige soekery van die Jode het daartoe aanleiding gegee dat Jesus hulle in die sinagoge geleer het. Ons kan onself indink dat die sinagoge daardie sabbat gepak was van die mense. Jesus, die Uitdeler van die brood, is mos aan die woord.

Maar hoe langer Jesus praat hoe ongemakliker raak die mense. Sommer met sy eerste woorde het Jesus, by wyse van spreke, sy vinger teen hulle bors gedruk en hulle gesindheid blootgelê. Baie van die Jode het Hom gesoek net oor die brood wat hulle gekry het en nie omdat Hy woorde het wat ewige lewe gee nie. Daarby was Hy nog onwillig om weer 'n wonderteken te doen sodat hulle dit kan sien en in Hom glo. Hy was selfs onwillig om hulle leier, hulle koning, te wees.

Die ongemak het aangegroei tot 'n gebrom onder die mense. Vir hulle aardse en oppervlakkige manier van luister na sy woorde het dit absurd geklink toe Jesus sê dat Hy uit die hemel kom. 'n Mens kan jou voorstel dat hulle onderlangs gelag het en gemeen het Jesus dink seker hulle is onnosel. Hulle ken Hom mos van kleins af. Hy is dan die seun van Josef, die skrynwerker van Nasaret. En asof dit nog nie erg genoeg was nie, redeneer die Jode, kom beveel Hy hulle om sy liggaam te eet en sy bloed te drink wat die ware voedsel en drank is. As Hy dan sulke absurde dinge kwytmaak en ook nog sê dat Hy uit die hemel kom, hoe kan hulle nog met Hom vereenselwig word?

Jesus versag geensins die waarheid vir die Jode se ore nie. Hy maak nie sy leer vir die Jode of enige ander mens met hulle oppervlakkige verstaan van sy woorde aanneemlik nie. Inteendeel, Hy gaan verder en sê:

**Skrik dit julle af? Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar Hy voorheen was?** (Johannes 6:61-62 AFR83).

As sy neerdaal uit die hemel vir hulle onaanvaarbaar is, sal sy komende hemelvaart vir hulle nog meer onaanvaarbaar wees.

Geliefdes, die woord wat ons vertaal met *afskrik* – of 'n *aanstoot* in die ouer vertaling – is die Griekse woord waar ons woord *skandelik* of *skandalig* vandaan kom. As ons dan moet vra wat dit is wat hierdie Jode afgeskrik het, wat vir hulle skandalig is, sou die antwoord voor die hand liggend wees. Die feit dat Jesus sê Hy is die brood wat uit die hemel kom, is vir hulle skandalig, want daarop vra Hy vir hulle:

**Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar Hy voorheen was?** (Johannes 6:61-62 AFR83).

Maar dit is net gedeeltelik die antwoord. Die feit dat Jesus te kenne gegee het dat Hy groter as Moses is en dat hulle sy liggaam moet eet en sy bloed moet drink, is ook vir hulle skandalig.

Paulus gebruik ook hierdie woord wat ons met *aanstoot* vertaal wanneer hy oor die kruis van Christus aan die Korintiërs skryf. En uit die beskrywing van die evangelie weet ons dat die hele evangelie – die verlossing van die mens van sy sonde – saamtrek in die kruis van Jesus Christus. As ons dan nou weer moet vra wat die Jode afgeskrik het, wát vir hulle so skandalig was, dan sal ons moet antwoord: Jesus Christus en sy kruis het hulle aanstoot gegee.

Omdat die Jode afgeskrik is deur wat hulle gehoor het, wys Jesus hulle daarop dat sy woorde geestelik is en lewend maak. Maar dit is net die mense wat deur die Vader na Jesus toe getrek is, wat hierdie woorde kan begryp en geestelik lewendig word.

Vir die oorgrote meerderheid van die Jode was hierdie laaste woorde van Jesus die laaste strooi. Hulle het omgedraai en van Hom af weggegaan. Hulle het nie meer kans gesien om agter Hom aan te loop nie. Vir ons mense wat maklik 'n leier se vermoëns en effektiwiteit meet aan die getal aanhangers wat hy het, lyk dit asof Jesus nou met een preek alles afbreek wat Hy al vir omtrent twee jaar opgebou het. Die mense gee dan van Hom af pad. Maar Jesus is God en Hy weet wat in die mense se harte aan die gang is. Hy het van die begin af geweet wie dit is wat nie glo nie, wie dit is wat net vir die byvoordele saam met Hom drentel en nie bereid is om die hoë prys te betaal nie.

Watter hoë prys, sal jy miskien nou kan vra. Wel, die Jode het gereken Jesus is belaglik met wat Hy sê. Sommige het seker gemeen, soos ander dit later hardop gesê het, dat Jesus van lotjie getik is. Vandag is daar steeds mense wat daardie Jode van destyds napraat. God wat mens word, 'n Verlosser wat aan 'n kruis sterf, opstanding uit die dood en hemelvaart, is vir baie mense met hulle sogenaamde wysheid onsinnig. Hulle maak dit af as belaglik en sê die dinge moet nie so verstaan word nie. En dan maak hulle asof die gelowiges wat aan Jesus bly vashou en Hom bly volg net so belaglik en van lotjie getik is.

'n Klein groepie van die stampvol sinagoge het by Jesus oorgebly. Jesus draai Hom toe na die twaalf en vra vir hulle:

**Wil julle nie ook maar weggaan nie?** (Johannes 6:67 AFR83).

Nie net die diegene wat agterna gedrentel het vir die brood nie, maar ook die getroue dissipels van Jesus word voor die keuse gestel. Wanneer die Here met 'n mens werk, vat Hy nie die mens se vermoë om keuses te maak weg nie. Selfs die twaalf wat deur Jesus self gekies is, moet nou besluit of hulle by Jesus wil bly of ook maar omdraai.

By monde van Petrus antwoord al twaalf van hulle:

**Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee.**  
(Johannes 6:68 AFR83)

Petrus en die ander elf weet dat Jesus se woorde deur die Heilige Gees gedra word. Die Gees het immers vir hulle die geloof gegee om te weet en te vertrou dat Jesus die Heilige van God is. Sonder dat hulle by was toe Maria swanger geword het en sonder dat hulle by was toe Jesus gebore is, het hulle geweet Jesus is die Seun van God die Allerhoogste.

Die Heilige Gees het ook die woorde van Jesus in hulle harte ingedra en die nuwe lewe in hulle dooie sondaarsharte opgewek. Deur die Gees het hulle geglo sonder dat hulle alles gesien of verstaan het. En toe hulle Jesus se werke gesien het en sy woorde gehoor het, is hulle geloof in Hom bevestig. Net Jesus se woorde kan die ewige lewe gee, daarom is daar niemand anders na wie toe hulle kan gaan om die ewige lewe te verkry nie. Jesus is vir hulle nie maar net die laaste uitweg nadat hulle al die

ander maniere probeer het nie. Hy is vir hulle die enigste uitweg uit die donker lewe van sondeverlorenheid.

Tog weet die twaalf ook dat nie alle mense hulle hartlik behandel omdat hulle dissipels van Jesus Christus is nie. Op hulle sendingtoer kort voor die vermeerdering van die brood en die vis het hulle ondervind dat nie alle mense gretig is om die evangelie van Christus te hoor nie. Jesus het hulle immers voor die tyd gewaarsku dat nie almal sal glo wat die evangelie hoor nie. Maar nou draai die mense hulle rug nie op die dissipels nie maar op Jesus self. Met hulle eie oë sien die dissipels hoe die sinagoge leegloop en net 'n handjievol bly by Jesus oor.

Geliefdes, in hierdie dae waarin ons leef het dit vir mense makliker geword om hulle van die kerk, die Here en sy Woord te distansieer. Vroeër jare, so dertig jaar gelede, sou min mense dit sommer gewaag het om te sê dat hulle nie Christene is nie of sê dat hulle sogenaamde Christene is maar nie in Jesus se maagdelike geboorte of sy opstanding glo nie. Maar deesdae is daar vryheid van spraak. Mense wat vir baie jare in die kerk was en na wie baie mense opgekyk het, raak los van die kerk, kritiseer die Bybel en maak asof Jesus maar net die seun van Josef en Maria was. Van die kruis, opstanding en hemelvaart wil hulle niks weet nie. En wie bly oor? 'n Klein handjievol mense wat nog erns maak om na die Woord van die Here te luister en Hom te volg omdat Hy Christus is – die Seun van God – en omdat sy woorde die ewige lewe gee. Ons is daardie handjievol mense.

Die prys om Jesus te bly volg is hoog. Christene is nie in die meerderheid in ons land of in die wêreld nie. Is jy nog bereid om Jesus te volg as jy sien hoe min volgelingen Jesus werklik het? Is jy bereid om Jesus te bly volg wanneer geleerde mense na wie ons graag opkyk vir leiding al verder van Jesus af tree en Hom nie meer wil volg of sy Woord nougeset wil gehoorsaam nie? As jy bereid is om deel van die minderheid te wees, uitgesonder deur die wêreld, verstoot en verag deur die wêreld, is jy nie hier omdat jy so 'n groot geloof het nie. Jy kan die prys betaal slegs omdat die Heilige Gees jou gewillig en bereid maak om vir die Here te lewe.

Maar die prys om Jesus te bly volg is nog hoër. Die twaalf moes ook hoor dat al het Jesus self vir hulle gekies, is een van hulle besig om steeds sy sondige geaardheid te koester en leen hy sy oor al meer aan die duiwel uit om die Here te verloën en te verraai. Broer, is jy bereid om ten koste van jou vrou die Jesus te bly volg? Suster, is jy bereid om Jesus ten koste van jou man te bly volg? Kinders, gaan julle nog die Here Jesus bly volg, as Pa of Ma vir wie julle so lief is, nie meer gehoor gee aan die Woord van die Here nie en ook omdraai en nie meer die Here volg nie? Die prys om Jesus te bly volg is hoog. Dit sal beteken dat jy alleen by jou werk, in jou klas, in jou huis of waar ook al sal moet opstaan vir wat reg is in die Here se oë, terwyl 'n dik stroom mense – mense vir wie jy lief is – teen die Here en sy Woord kies en jou nog boonop verkleineer, verdruk en al meer en meer van hulle af wegstoot.

Maar ons het hierdie versekering, geliefdes: Jesus Christus is altyd met ons tot aan die einde van die wêreld. Hy belowe dit self. Hy het volgehou om die wil van sy Vader te doen om langs die weg van Golgota ons los te koop van die Satan se heerskappy en sy Gees aan ons te gee sodat ons met geloof in Hom ook kan volhard. Al het ons nie die wonders gesien wat in hierdie boek geskryf staan nie, al klink die woorde van Jesus vir ons aardse verstandjies soms onverklaarbaar, kan ons Hom bly volg. Sy woorde gee die ewige lewe. Sy liggaam is vir jou en my geskeur en sy bloed is vir jou en my uit Hom uitgepers sodat ons skoon gewas van ons sondes voor God ons Vader mag verskyn. Na wie toe anders as na Jesus Christus sal ek en jy ooit kan gaan?

**Amen!**

Gebed

Psalm 119:10, 11 (p. 588)

- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,  
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.  
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!  
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.
- 11 HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;  
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.  
Laat my leef na u bevele – / niks wat my so kan behaag.  
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
24 Februarie 2013